
# DIE SKAKEL

MAANDBLAD VAN DIE NED. GEREF. GEMEENTE QUEENSWOOD

Nr. 194
September 1993


# 30 JAAR VAN GENADE!

FEESUITGAWE



1963 • 1993

***Ons Kerktoring met die kruis daarop tussen al die woonhuise en woonstelblokke met die ou Presidensie op die rantjie daaragter - simbolier van die Kruisevangelie wat die afgelope 30 jaar deur Woordverkondiging en getuienis in omgewing weerklink het!***

• Ons gemeente is D.V. op Maandag 13 September 1993 30 jaar oud! In hierdie tyd het daar mooi en groot dinge in ons gemeente gebeur – 'n doeltreffende gemeentesentrum is daargestel, die status van makrogemeente is verkry met meer as 2 500 lidmate, 'n Kerkraad van 200 lede en 4 leraars wat die gemeente bedien. Deur die jare het lidmate gekom en gegaan, is kindertjies gebore en gedoop, het jongmense belydenis van geloof afgelê en getrou en moes ons ook tallemale met hartseer staan by 'n oop graf. En tog, te midde van dit alles, deur die genade van die Here van die Kerk, kon die Kruisevangelie verkondig word tydens eredienste, kategeseklasse, Bybelstudie-geleenthede, kampe, kursusse, huwelike, begrafnisse en jeugbyeenkomste. Hierdie evangelie van die kruis het die verskil gemaak – het jonk en oud verseker van God se liefde en bystand in ons sondenood en vertwyfeling, ons vreugde en droefheid en in ons neerlae en oorwinnings!

• Die kruis op ons kerktoring herinner ons telkens aan die oorwinning van ons Here Jesus Christus oor die sonde en die dood, ja, roep ons as gemeente by hierdie besondere geleentheid op om saam met die apostel Paulus in 1 Kor. 1 vers 18 te getuig: "Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God."

**• Is jy ook 'n getuie van die kruis van die Here Jesus Christus?**

## Ons 30-jarige feesprogram

**• Sondag 12 September** **09:00**

* **Feesdienste** (Tee en verversings vir almal ná die oggenddienste)

Kollektes dié dag gaan vir Bybelverspreiding uit dankbaarheid vir 30 jaar waarin die Blye Evanglie in ons gemeente verkondig kan word! Ons gee almal ons dankoffer in veelvoude van 30 bv. 30 sent/R3/R30/R300/R3 000?

* **Kategese:** Ons kategete en kinders sê dankie vir 30 jaar! **10:10**

* **Erediens:** Lentesangaand **18:30**

* **Jeugaksies:** Ons jongmense en kinders sing van dankbaarheid vir 30 jaar! **19:30**

**• Maandag 13 September** **06:00**

* Dankie-sê biduur in kerk vir 30 jaar van genade

**Hierdie feesuitgawe van DIE SKAKEL word opgedra aan almal wat die afgelope 30 jaar deur woord en daad die kruisevangelie gestalte gegee het in ons gemeente en daarbuite. Geredigeer deur ds en mev. Jan van den Berg**


## Ons Kerkkompleks in Sy diens ...




*'n Ope uitnodiging! Met die woorde "Kom na Hom toe die Lewende Steen" uit 1 Petrus 2:4 op die hoeksteen van ons kerkgebou, is kerkgangers deur die jare uitgenooi om deel te wees van die gebou van God op aarde. En hêt hulle nie gekom nie! Ons dank die Here vir elkeen wat tot bekering gekom het, wat tot 'n nuwe oorgawe gelei is, wat op verskillende terreine toegetree het om deel te hê aan die bouwerk in die gemeente! En só gaan die bouwerk voort met entoesiasme en toewyding! Het jy al gekom?*



*Op Saterdag 2 Februarie 1991 is die koepeldak oor die binnehof van ons kerksaal feestelik ingebruik geneem. Hierdie sinvolle verbetering maak dit nou moontlik om die ruimte om ons kerksaal beter te benut vir allerlei funksies van oud en jonk! Nela Giliomee het 'n bedrag geskenk vir die oprigting van die koepeldak by die saal. Sy en haar kinders het dit gedoen in dankbare nagedagtenis aan haar oorlede eggenoot Boet - die man wat saam met soveel ander lidmate geleef het met 'n oop hart en hand teenoor die werk van die Here.*



*Ons Kerksaal het die afgelope 30 jaar oneindig veel beteken vir die geestelike opbou en toerusting van oud en jonk in ons gemeente. Die saal is op Saterdag 27 Mei 1961 ingebruik geneem en het tot die voltooiing van ons kerkgebou in 1972 as aanbiddingsplek vir die gemeente gedien. Talle paartjies is in die saal getroud, kindertjies gedoop, belydenis van geloof afgelê, nagmaal gevier en begrafnisse gehou. Gedurende September 1992 is die saal pragtig gerestoureer en voorsien dit saam met die kategesekamers in 'n groot behoefte van die gemeente*

## 25 Vrugbare jare in Sy diens....



*Ons gemeente het op 13 September 1988 sy 25ste verjaarsdag gevier. by hierdie geleentheid is die vier dominees en die orrelis in feestelike stemming gekiek.*
*Van links: dr. Wim Viljoen (orrelis); ds. Jan van den Berg en drs. Toon van der Merwe; Flip Loots en Danie van Zyl.*
*Saam het die dominees 58 jaar diens in hierdie gemeente - 'n kerklike rekord? Dr. Wim het ná 17 jaar toegewyde diens as orrelis in ons gemeente, aan die einde van Augustus 1992 na Universiteitsoord vertrek. Hetta Potgieter is in sy plek aangestel.*



*Tydens die kwarteeufees van ons gemeente was hierdie stigterslede ook gesellig byeen - manne en vroue wat van die begin met entoesiasme hulle deel gedoen het.*
*Eerste ry: Pierrene Lange, Sarie Venter, Mickey Swanepoel, Cora Nel.*
*Tweede ry: Joy Malan, Bessie Botes, Martie du Plessis, Stiena van Reenen, Rina Buys, Jossie van der Merwe, Susan Scheepers, Marie Johannes.*
*Derde ry: Willie du Plessis, Roelf Botes, Bill Swanepoel, Henry Nel, Nic Venter, Walter van Reenen, Elbie en Kotie Retief, Floors Buys.*
*Vierde ry: Corrie Kruger, Skippie Scheepers, Paul van der Merwe, Pierre Malan*



*Wat is 'n basaar sonder 'n pannekoektafel? Die afgelope 30 jaar is daar gereeld met groot geesdrif en pragtige meelewing reuse basaars in die gemeente gehou. Alhoewel baie dankbaar vir die fondse van die gemeente wat so gestyf kan word, is die grootste wins nog steeds die hartlike samewerking en onderlinge band van liefde wat by dié geleenthede tussen gelowiges gesmee word! By die kwarteeufeesbasaar het die volgende susters kleurryk en geurryk in die pannekoekbehoeftes van basaargangers voorsien. Van links: Barbara du Toit (ons saakgelastigde); Elize Pienaar, Esther de Jager, Annalette Perold en Annadeen Lourens*

## Ons pastoriegesinne....

### Toe: Eers jonk en mooi...



***1976: Vanaf Tzaneen: Jan-Albert, ds Jan, Johan en mev. Minda van den Berg.***
***Ontvang en bevestig: 14 Augustus 1976***
***<u>Intreepreek: Joh. 1: 22 en 23</u>***
*"Hulle sê vir hom: Wat het jy oor jouself te sê? Hy antwoord toe: Ek is die een wat in die woestyn roep: Maak die pad vir die Here reguit."*



***1976: Vanaf Uitenhage: Adéle, Lindi, ds. Danie, Danie, mev. Martie van Zyl, sonja en Martie***
***Ontvang en bevestig: 27 November 1976***
***<u>Intreepreek: 2 Kor. 5:18</u>***
*"Dit alles is die werk van God, Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou."*



***1978: Vanaf Vrede: Ds Toon en mev. Stefanie van der Merwe***
***Ontvang en bevestig: 21 Januarie 1978***
***<u>Intreepreek: 1 Tim. 4:9 en 10</u>***
*"Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word. Met hierdie vooruitsig span ons ons kragte in en stry ons, want ons het ons hoop op die lewende God gevestig, wat die Verlosser is van alle mense, van almal wat glo."*



***1985: Vanaf Radiokansel: Phil, mev. Louise Loots, Danie, dr. Flip Loots en Cornise***
***Ontvang en bevestig: 1 Februarie 1985***
***<u>Intreepreek: 2 Kor. 5:20</u>***
*"Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!"*

## Saam in Sy diens....

### Nou: Net mooi...



***Van links: Ds Jan, Minda, Johan (2de jaar BLC Regte); Jeannine Müller (verloofde van Jan-Albert - 5de jaar medies); Jan-Albert (5de jaar Teologie) (Foto: Januarie 1993)***



***Van links: Dr. Danie, Martie, Adèle (B.Comm Regte) assitent-ekonoom; Johan en Sonja Lotz (Johan-meganiese ingenieur; Sonja -BLLB-huisvrou); Martie en Tewie Eksteen (Martie BA Ed Prim-huisvrou; Tewie - Elektriese Ingenieur); Lindie (B.Com (Rek) - besig met Honn. STR)***
***Voor: Danie (Junior) - BSc (Landbou) Entomologie 1ste Jaar; Snoekie (op pensioen)***
***(Foto: Desember 1988 - huwelik van Sonja en Martie - intussen het Johan en Sonja ouers geword van klein Martin)***



***Van links: Dr. Toon en Stefanie van der Merwe***
***(Foto: Augustus 1993)***

> *Hierdie feesuitgawe van DIE SKAKEL handel hoofsaaklik oor die afgelope vyf jaar in ons gemeente en sluit aan by die feesuitgawes tydens ons gemeente se tiende (1973) en vyf-en-twintigste verjaarsdag (1988)*



***Van links: Louise; Cornise Tempelhoff (rekenaarsklerk-Radiokansel); dr Flip, Dawie (B. Comm Versekering 2de jaar); Johan Tempelhoff B.Mil. (Cornise se man - Majoor in S.A. Leër); Phil (Luitenant S.A. Leër (Inligting)***
***(Foto: Februarie 1992 - Johan en Cornise se huwelik - hulle het intussen pa en ma geword van klein Jacques.)***



## Ons Jeug in Sy diens....

*Wat 'n voorreg om as gemeente vir 30 jaar soveel jongmense en kinders in ons midde te kan hê! Gedurende Desember 1991 het die leidsters en kinders van die Kinderkrans 'n Kerstablo tydens 'n oggenddiens vir die gemeente opgevoer.*
*Links agter: Leidsters: Kobie van Eeden, Marey van der Watt, Annatjie Kok, Susan Kruger en Erna van Nugteren.*



*Ons gemeente se eie padkafee! Onder leiding van ons Senior Kerkjeugaksie is daar hamburgers, kerrie-en-rys, pap-en-wors ens. op Vrydagaande verkoop.*
*Op die voorgrond o.a. Susan van Zijl (met die wit hoedjie - tans voorsitter van die Senior SKJA) en wyle oom Hansie Vermeulen van Huis Herfsblaar besig met 'n transaksie*



*Die bekende en geseënde skoolverlaterskampe gereël deur die Jeugkantoor van Noord-Transvaal was nog deur al die jare tot groot seën ook vir ons gemeente se matrikulante. Die matrikulante wat gedurende Julie 1991 die kamp bygewoon het was:*
*Agter: Johan van den Berg; Dawie Loots; Werner van der Veen; Chris Giliomee*
*Voor: Magrieta Lewis; Ankia Bock; Yvonne du Toit en Adelle van Zyl (raadgeefster)*



*Die aksie vir ons werkende en studerende jeug, die Belydende Kerkjeugaksie, was deur al die jare ook op verskillende fronte bedrywig. Van die lede dien as diakens op ons kerkraad terwyl andere met groot toewyding as kategete optree. Die foto langsaan is geneem tydens 'n BKJA-kamp gedurende Oktober 1990 — Dr. Flip Loots en die jongmense kuier heerlik saam!*



## Bereid tot Sy diens....

**Sedert 1990 het ons Kerkraad en gemeente elke jaar 'n embleem en 'n jaartema as uitgangspunt vir al ons bedrywighede. Gedurende 1990 was dit:**

***<u>Ek gee om</u>***
*Met die tema in gedagte is daar verskillende kursusse vir ouderlinge en diakens aangebied om hulle juis vir die omgee-aksie toe te rus. Manne wat dit baie geniet het was: Links: Lynn van Wyk, Hannes Visser, De Wet Hugo en Johan Smit*



*Net soos met ander gemeente-aktiwiteite het die basaar van Mei 1991 gestaan in die gees van die jaartema:*

***<u>Betrokke en Bereid</u>***
*By hierdie geleentheid was oom Fanie Bosch van Philipstraat en Marthinus Joubert van Huis Herfsblaar van die vele werkers wat met 'n glimlag bereid en betrokke was!*



*Kerkraadskampe bied steeds die geleentheid om Kerkraadslede en hulle gesinne uit die Woord toe te rus vir hulle ampswerk. In 1992 was die jaartema:*

***<u>"Leef uit die Woord"</u>***
*Meegaande foto is van die Ooswyk se wykskerkraadskamp met die geesdriftige kampers onder leiding van dr. Toon van der Merwe*



*Wat sal 'n kerkraad en gemeente ooit sonder die susters kan doen? Deur al die jare was die skoner geslag steeds die dryfkrag agter menige aksie, ook in Queenswood gemeente. Met hulle afsluitingsfunksie in November 1992 getiteld "Van Toeka tot Toekoms" het die susters eintlik vooruitgewys na die jaartema van 1993 nl.*

***<u>"Altyd bly in die Here"</u>***
*Vier van die modebewuste dames was: Anja en haar ma Collette van der Veen, Pollie Wessels en Dorothy Pretorius*




## Steeds vrugbaar in Sy diens!

*Ons gemeente is gelukkig om meer as 600 senior lidmate in ons midde te hê — gelukkig omdat hulle rype ervaring en opregte liefde vir die Here steeds 'n bate vir die gemeente is. Meer as 350 van hierdie lidmate is inwoners van Huis Herfsblaar wat direk langs ons kerk geleë is. Op 1 Maart 1990 het hierdie tuiste sy vyfde verjaarsdag met 'n tuinparty gevier.*



*'n Man van vele gawes en talente! Oudl. Walter van Reene, die stil vriendelike kunstenaarsmens met sy groot liefde vir die Here. Hier staan hy tydens die stokperdjieskou by sy skilderstukke en pragtige ontwerpte familiewapens. Saam met sy eggenote Stien en vele ander senior lidmate is hulle altyd bereid om gedring deur die liefde van Jesus hulle deel te doen!*



*Ons eie Springbokke! Wat 'n voorreg om hulle in ons midde te kan hê nie alleen as sportmanne wat op hulle gebied die hoogste sport bereik het nie, maar ook gelowiges wat spontaan getuig van die Here se genade in hulle lewe en ook bereid is om met oorgawe in Sy diens te staan. Ds. George Daneel (89 jr) is die langslewende Springbokrugbyspeler en ons oudste ouderling; oom Danie Joubert (84 jr), Springbokatleet wat vir baie jare die wêreldrekord vir die 100 treë gehou het en Henry Nel (65 jr) wat sy Springbokklere in groot kaliber skiet verlede jaar verwerf het.*

### ONS TIENDE DANKOFFERMAAND

Oktobermaand is elke jaar ons gemeente se Tiende Dankoffermaand. Weer eens 'n vriendelike versoek aan al ons lidmate om, indien moontlik, volgende maand 'n tiende dankoffer te gee of ten minste u maandelikse dankoffer te verdubbel. Paulus se woorde in 2 Kor. 9 vers 6 en 7 is vandag nog waar:
"Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes.... God het die blymoedige gewer lief."

### KOM ONS HELP MEKAAR!

* In vandag se moeilike omstandighede is ons op mekaar aangewese vir hulp en ondersteuning. Daarom is daar 'n groeiende begeerte in ons gemeente om op tasbare wyse na mekaar en ons senior lidmate uit te reik.
* Gedurende hierdie maand (September) sal ons ouderlinge 'n kort vraelys by elke besoekpunt besorg. Lidmate word vriendelik versoek om die vraelys te voltooi en aan u ouderling terug te besorg. Met al hierdie gegewens wil ons susters in samewerking met die kerkraad trag om hierdie Helpmekaaraksie van stapel te stuur! Baie dankie vir u samewerking!